



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

# **TOERISME**

**GRAAD 12**

**HERSIENINGSVRAE**

**KWARTAAL 2**


## **ONDERWERP: TOERISTE BESIENSWAARDIGHEDE**

Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS en ECDoE provinsiale eksamen-  
vraestelle verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 44 bladsye.

**ONDERWERP: TOERISTE BESIENSWAARDIGHEDE****INHOUD: BEKENDE WÊRELD IKONE EN ATTRAKSIES****NOV 2014 NSS****VRAAG 4**

4.1 Verwys na die ikone hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




- 4.1.1 Kelly en Mavis het albei onlangs hul graad in argitektuur verwerf. Hulle wil graag ikoon **A** en ikoon **B** besoek.
- (a) Identifiseer ikoon **A** en ikoon **B**. (2)
- (b) Noem die stede waar ikoon **A** en ikoon **B** geleë is. (2)
- 4.1.2 Beskryf EEN argitektoniese kenmerk van ikoon **A** en EEN argitektoniese kenmerk van ikoon **B**. (4)

NOV 2015 NSS  
VRAAG 4

4.1 Bestudeer die ikone hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


**BESOEKE AAN GODSDIENSTIGE TERREINE**  
**'n Gespesialiseerde nismark bestaan vir godsdienstige toeriste**

**A. Die Klaagmuur**




[Bron: [www.travelimages.com](http://www.travelimages.com)]

**B. Mekka**



[Bron: [www.alzahracentre.org](http://www.alzahracentre.org)]

**C. Vatikanstad**



[Bron: [www.vatican.fm](http://www.vatican.fm)]

Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit soos aangedui.

Voorbeeld:

Icoon	Land	Stad	EEN rede waarom dit as 'n godsdienstige ikoon beskou word
X	Brasilië	Rio de Janeiro	Christus-standbeeld wat godsdienstige betekenis vir Christene van oor die wêreld het

	Icoon	Land	Stad	EEN rede waarom dit as 'n godsdienstige ikoon beskou word	
4.1.1	A				(4)
4.1.2	B				(4)
4.1.3	C				(4)

- 4.2 Bestudeer die kaart van Australië hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Australië**

Indiese Oseaan

Alice Springs

Indiese Oseaan

Sydney

Canberra

**B**

3 000 geleenthede word jaarliks in hierdie gebou aangebied, met begeleide toere vir meer as 200 000 toeriste.

**A**

'n Monoliet (soliede)-rots in die woestyn wat deur meer as 190 000 mense per jaar besoek word. Dit is 348 m hoog, 3,6 km lank, 2 km breed en 2,5 km onder die grond.

- 4.2.1 Verwys na die kaart en identifiseer ikoon A en B. (4)
- 4.2.2 Verwys na die besoekerstatistiek op die kaart en gee EEN rede waarom die monolietrots minder toeriste as die ander ikoon ontvang. (2)

**NOV 2016 NSS  
VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Twee deelnemers van Suid-Afrika neem aan die 2016 Awesome Race met 'n watertema deel. Die prente en kaart hieronder toon internasionale ikone en besienswaardighede wat die deelnemers gedurende die wedloop sal besoek.

**2016 WATERTEMA-AWESOME RACE**

**A**

**B**

**C**

Asie

Europa

Afrika

Australië

Atlantiese Oseaan

Indiese Oseaan


**SLEUTEL:**

--- Roete

→ Ligging van ikoon



- 4.1.1 Gee die volgende inligting aan die deelnemers voordat die wedloop begin:
- (a) Die kontinent waarvandaan hulle sal vertrek (2)
  - (b) Die name van die ikone/besienswaardighede by **A** en **C** (4)
  - (c) EEN wateraktiwiteit waaraan die deelnemers by besienswaardigheid **B** sal deelneem (2)
- 4.1.2 Die filmspan van die Awesome Race gaan die deelnemers volg om die Asiatiese been van die wedloop te verfilm.
- Skryf 'n paragraaf waarin jy DRIE maniere bespreek waarop die verfilming van die Awesome Race 'n positiewe invloed op Thailand as 'n toeristebestemming sal hê. (6)
- 4.2 Vergelyk die twee uittreksels oor historiese ikone hieronder wat uit 'n reiswebwerf geneem is, en beantwoord die vrae wat volg.

PARTHENON	COLOSSEUM
770 000 toeriste per jaar	Vier miljoen toeriste per jaar
	
Die Parthenon is 'n antieke Griekse tempel. Die beeldhouwerk en die tempel is deur suurreën en besoedelende stowwe van motors beskadig.	Die Colosseum is een van die indrukwekkendste oorblywende voorbeelde van Romeinse argitektuur. Dit is egter erg beskadig deur aardbewings en klipdiewe.

[Aangepas uit [www.newworldencyclopedia.org](http://www.newworldencyclopedia.org)]

- 4.2.1 Noem EEN ooreenkoms tussen die twee ikone ten opsigte van hulle ligging. (2)
- 4.2.2 Verwys na die beskrywing van die Parthenon en noem TWEE maniere waarop menslike aktiwiteite tot die vernietiging van hierdie ikoon gelei het. (4)
- 4.2.3 Stel EEN maatreël voor om die invloed van vier miljoen besoekers per jaar aan die Colosseum te verminder. (2)

**NOV 2017 NSS  
VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die kaart hieronder wat 'n wêreldtoer na beroemde ikone toon en beantwoord die vrae wat volg.

Twee toeriste gaan op 'n wêreldtoer en sal van die beroemdste ikone besoek.

Pas die ikone (A–H) by die lande (4.1.1–4.1.8). Skryf slegs die vraagnommer (4.1.1–4.1.8), die letter van die ikoon (A–H) en die land waar dit geleë is, in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.9 J Suid-Afrika.

**WÊRELDTOERROETE**

<b>A</b>	<b>B</b>	<b>C</b>	<b>D</b>
<b>E</b>	<b>F</b>	<b>G</b>	<b>H</b>


[Aangepas uit [www.famouslandmarks.com](http://www.famouslandmarks.com)]

(16)

NOV 2018 NSS  
VRAAG 4

4.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr. Bean is op 'n skattejag om die ikone en besienswaardighede in Londen te vind. Help hom om die ikone en besienswaardighede in Londen te vind deur die skattejagkaart hieronder te gebruik.



[Aangepas uit [www.pinterest.com](http://www.pinterest.com)]






- 4.1.1 Gee die naam van die land waar die skattejag plaasvind. (1)
- 4.1.2 Mnr. Bean gebruik openbare vervoer vir die skattejag. Identifiseer die openbare vervoermetode op die kaart wat hy kan gebruik. (2)
- 4.1.3 Identifiseer die DRIE internasionale ikone (1, 2 en 3) wat mnr. Bean tydens die skattejag moet vind. (3)
- 4.1.4 (a) Identifiseer die militêre aktiwiteit 4 waarna mnr. Bean sal kan kyk wanneer hy ikoon 3 besoek. (2)
- (b) Beskryf die militêre aktiwiteit in VRAAG 4.1.4(a). (2)
- (c) Noem waarvoor ikoon 3 hoofsaaklik gebruik word. (2)
- 4.1.5 Mnr. Bean se laaste leidraad is om die Kroonjuwele op te spoor. Noem die ikoon waar hy hierdie skat sal vind. (1)



**FEB-MAART 2015 NSS  
VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die foto's van die TWEE verskillende tipes toeriste en die besienswaardighede/ikone hieronder.

4.1.1 Kies 'n besienswaardigheid uit KOLOM B wat by die tipe toeris in KOLOM A pas. Skryf slegs die nommer (1–3) langs die vraagnommer (A en B) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld C 4.




KOLOM A (TIPE TOERIS)	KOLOM B (BESIENSWAARDIGHEID)
A  [Bron: aliexpress.com]	1  [Bron: wirednewyork.com]
B  [Bron: www.odt.co.nz]	2  [Bron: www.istanbulvisions.com]
	3  [Bron: www.tourismupdate.co.za]

(2)

4.1.2 Gee EEN rede vir ELK van jou keuses in VRAAG 4.1.1. (2 x 2) (4)

**FEB-MAART 2016 NSS**  
**VRAAG 4**


- 4.1 Bestudeer die inligting in die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE BEKORING VAN 'N TORING		
Bekende torings in die wêreld lok jaarliks talle toeriste.		
TORING A	TORING B	TORING C
		

[Aangepas uit [www.coloribus.com](http://www.coloribus.com)]

- 4.1.1 Identifiseer die lande waar toring **A** en **B** geleë is. (2)
- 4.1.2 (a) Verwys na die prent en identifiseer die mees ongewone strukturele kenmerk van toring **A**. (2)
- (b) Stel EEN omgewingsaspek voor wat tot hierdie ongewone kenmerk aanleiding gegee het. (2)
- 4.1.3 Gee EEN rede waarom toeriste sal betaal om met die hysers in toring **B** op te gaan. (2)
- 4.1.4 Verduidelik EEN manier waarop toring **B** voorsiening maak vir toeriste met fisiese gestremdhede. (2)
- 4.1.5 Gee die naam van toring **C**. (2)


4.4 Verwys na die ikone hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.4.1 (a) Identifiseer ikoon **A**. (1)
- (b) Gee EEN feit oor die geskiedenis van ikoon **B**. (2)
- (c) Identifiseer ikoon **C**. (1)
- (d) Gee EEN feit oor die geskiedenis van ikoon **C**. (2)
- (e) Identifiseer ikoon **D**. (1)
- 4.4.2 Identifiseer EEN gemeenskaplike kenmerk van ikoon **A**, **B** en **D**. (2)

**FEB-MAART 2017 NSS**  
**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die ikone hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.1.1 Identifiseer ikoon **A**. (2)
- 4.1.2 Icoon **A** is as 'n geskenk aan Amerika gegee.  
 Noem die land wat hierdie ikoon aan Amerika gegee het. (2)
- 4.1.3 Gee EEN rede waarom hierdie geskenk aan Amerika gegee is. (2)
- 4.1.4 Noem die lande waar ikoon **B** en **C** geleë is. (4)
- 4.1.5 Icoon **B** en **C** is aanvanklik albei vir 'n spesifieke doel gebou.  
 Gee EEN rede waarom die volgende ikone gebou is:
- (a) Icoon **B** (2)
- (b) Icoon **C** (2)

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE SWARTWOUD**

Die Swartwoudstreek is nie baie groot nie, ongeveer 150 km lank en 50 km breed. Dit het ongelooflike natuurtonele. Klein dorpie en nedersettings en plaaslike tradisies kan in 'n paar dae met 'n motor verken word.

Die Swartwoudstreek is bekend vir koekoekhorlosies, kersiekoeke, plaashuise, golwende heuwels met donker immergroen woude en diep valleie.

Die eerste kommersiële bedryf in die gebied was hout en houtbewerking. Die boere het in die wintermaande houtwerk gedoen. So het die bekende koekoekhorlosiebedryf en die vervaardiging van musiekinstrumente ontwikkel. Hierdie bedrywe verskaf steeds werk, maar inkomste word nou hoofsaaklik uit toerisme verdien. Die toerismebedryf is 'n bedryf wat heeljaar plaasvind as gevolg van toeriste wat ski-oorde en spagierewe besoek.

[Aangepas uit [www.roughguides.com](http://www.roughguides.com)]


- 4.2.1 (a) Noem die kontinent waar die beroemde Swartwoud geleë is. (2)
- (b) Verduidelik hoe die Swartwoud sy naam gekry het. (2)
- 4.2.2 Identifiseer TWEE aktiwiteite in die uittreksel hierbo waaraan toeriste kan deelneem wanneer hulle die Swartwoud in die winter besoek. (4)
- 4.2.3 Verduidelik DRIE maniere waarop die aktiwiteite wat in VRAAG 4.2.2 geïdentifiseer is, 'n positiewe invloed op die toerismebedryf in die Swartwoud kan hê. (6)



**FEB-MAART 2018 NSS  
VRAAG 4**

Jy het op 'n ou foto album van jou ouma afgekom.

Bestudeer die ses foto's (A–F) van 'n wêreldtoer in haar album hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit [www.placestoseeinyourlifetime.com](http://www.placestoseeinyourlifetime.com)]

4.1 Identifiseer die ikone en die lande in die foto's (A–E) wat jou ouma op haar wêreldtoer besoek het.

Skryf slegs die letter (A–E) en die naam van die ikoon en land langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld J Vryheidstandbeeld – VSA. (10)

4.2 4.2.1 Gee die getal lande wat jou ouma op haar 1962-toer besoek het. (2)


4.2.2 Noem die kontinent wat sy NIE besoek het NIE. (2)

4.2.3 Identifiseer EEN land wat sy in die Suidelike Halfrond besoek het. (2)

**MEI-JUNIE 2018 NSS  
VRAAG 4**

4.1 Verwys na die leidrade hieronder en voltooi die blokkiesraaisel.

Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.7 Eiffel-toring.



**LEIDRADE**


AF	DWARS
4.1.1 Gebou ter herdenking van die sultan se vrou	4.1.2 Die struktuur wat afgebreek is om die val van kommunisme te simboliseer
4.1.3 Toeristebesienswaardigheid ook bekend as Uluru	4.1.4 Icoon in Portugal
	4.1.5 Stad waar hierdie standbeeld geleë is
	4.1.6 Land waar hierdie multikuns-sentrum geleë is

(6 x 1) (6)

**MEI-JUNIE 2019 NSS**  
**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die ikone hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 4.1.6 Eiffeltoring.




- 4.1.1 Gee die naam van die ikoon wat die amptelike woning van die President van Rusland is. (1)
- 4.1.2 Noem die stad waar ikoon **C** aangetref word. (1)
- 4.1.3 Noem die kontinent waar ikoon **E** aangetref word. (1)
- 4.1.4 Noem die ikoon by **F**. (1)
- 4.1.5 Noem die land waar ikoon **G** aangetref word. (1)
- 4.2 4.2.1 Noem die kulturele groep wat met ikoon **E** verbind word. (1)
- 4.2.2 Gee EEN rede vir die oprigting van die ikoon by **F**. (2)
- 4.2.3 Verduidelik EEN rede waarom die besienswaardigheid by **B** nie as 'n ikoon wat die VSA verteenwoordig, beskou kan word nie. (2)

**SEPT 2014 EC**  
**VRAAG 4**

- 4.1 Mnr. en mev. Fitzpatrick van Dublin, Ierland gaan eersdaags op hul droomvakansie na die Verenigde Koninkryk, Frankryk, Italië, Jordanië en Egipte vertrek. Die hoogtepunt van hul toer sal wees om 'n wêreldikoon in elke land te besoek.

Bestudeer die foto's en kaart van die wêreldikone wat hulle sal besoek en beantwoord die vrae wat volg.




- 4.1.1 Omskryf die begrip "ikoon". (2)
- 4.1.2 Gebruik die kaart en foto's:
- (a) Identifiseer die ikone gemerk **A**, **B** en **D**. (3 x 1) (3)
- (b) Gee die naam van die stad of dorp waar die ikone, gemerk **A**, **B** en **D**, geleë is. (3 x 1) (3)
- 4.1.3 Verskaf DRIE interessante feite wat mnr. en mev. Fitzpatrick kon beïnvloed het in hul keuse om die volgende ikone te besoek:
- (a) Die ikoon in die stad gemerk **C**, in Italië (3)
- (b) Die wêreldikoon in die stad gemerk **E**, in Egipte (3)

4.1.4

Die ikoon gemerk **B** in Frankryk is die gewildste toeriste-aantreklikheid in die wêreld wat toegangsfooie vra. Sedert die opening in 1889 het dit 200 miljoen besoekers ontvang. In 2012 is die totale aantal besoekers as 7,1 miljoen aangeteken.

Bestudeer die onderstaande sirkeldiagram wat die redes waarom die toeriste hierdie ikoon in 2012 besoek het, aandui. Dit word as 'n persentasie teenoor die totale bywoning aangedui.



- (a) Gebruik die sirkeldiagram en identifiseer die persentasie van die totale bywoning waarvan mnr. en mev. Fitzpatrick deel sal wees wanneer hulle hierdie ikoon besoek. (1)
- (b) Bespreek wat die ikoon se besoekerstatistiek vir Frankryk se ekonomiese groei sal beteken. (3 x 1) (3)



**SEPT 2015 EC  
VRAAG 4**

- 4.1 Bestudeer die kaart van wêreldbekende ikone in Noord- en Suid-Amerika en beantwoord die vrae wat volg.




- 4.1.1 Identifiseer EEN ikoon op die kaart wat 'n bewys van 'n antieke beskawing is. Skryf die letter en die naam van die ikoon as antwoord neer. (2 x 1) (2)
- 4.1.2 (a) Identifiseer TWEE ikone op die kaart wat voorbeelde van natuurlike besienswaardighede is. Skryf die letter en die naam van elke ikoon as antwoord neer. (2 x 2) (4)
- (b) Kies EEN van die ikone wat jy in VRAAG 4.2.1 geïdentifiseer het en noem waarom dit as 'n ikoon beskou word. (1)
- 4.1.3 Nadat jy die ikoon gemerk **F** besoek het, plaas jy jou ervaringe op jou Facebook-blad. Voorsien jou Facebook-vriende met die volgende inligting oor die gemerkte ikoon **F**:
- (a) Gee die naam van die ikoon. (1)
- (b) Gee die naam van die stad waar die ikoon geleë is. (1)
- (c) Verduidelik waarom hierdie besienswaardigheid as 'n ikoon beskou word. (2 x 1) (2)
- (d) Gee enige TWEE ander interessante feite aangaande die ikoon wat jou vriende sal aanmoedig om hierdie besienswaardigheid te besoek. (2 x 1) (2)

- 4.1.4 'n Toerisme-ikoon vertoon een of meer uitstaande kenmerke waarom dit wêreldbekend is, bv. dit vertoon besondere natuurlike kenmerke of is 'n simbool van buitengewone menslike prestasie.

Identifiseer TWEE unieke kenmerke wat deur die ikoon gemerk **E** vertoon word, wat dit onderskei van ander toeriste-besienswaardighede. (2 x 1) (2)

**SEPT 2016 EC  
VRAAG 4**


- 4.1 Bestudeer die kaart van Suidoos-Asië en die Verre Ooste en beantwoord die onderstaande vrae.



- 4.1.1 Verwys na die kaart en identifiseer die ikone **A**, **B**, **C** en **D**. Skryf slegs die letter en die amptelike naam van die ikoon neer. (4 x 2) (8)
- 4.1.2 Benoem die stad waar ikoon **A** geleë is. (1)
- 4.1.3 Gee EEN rede waarom ikoon **C** as 'n simbool van buitengewone menslike prestasie beskou word. (2)
- 4.1.4 Verduidelik waarom ikoon **B** toeriste sal lok wat belangstel in buitemuurse aktiwiteite wat 'n mate van risiko insluit. (2)
- 4.1.5 Gee EEN rede waarom ikoon **D** toeriste sal lok wat belangstel in fotografie. (2)

**SEPT 2017 EC  
VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die prente en kaart van Europa en beantwoord die onderstaande vrae.



4.1.1 Identifiseer die ikone genommer **A, B, C** en **D**. (4 x 2) (8)

4.1.2 Verduidelik waarom die ikoon genommer **A** een van Europa se gewildste toerismestreke is. (2)

4.1.3 Gee EEN rede waarom toeriste, wat in geskiedenis belangstel, die ikoon genommer ...

(a) **C** sal besoek. (2)

(b) **D** sal besoek. (2)

**SEPT 2018 EC  
VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die reisagentskap-strooibiljet en beantwoord die onderstaande vrae.



## PENIKA REISAGENTSKAP

### Jou wêreldtoer beplanning deskundiges

Nou kan jy ophou daaroor praat en dit doen! Ons sal jou wêreldikoon droomreis 'n werklikheid maak.



4.1.1 Gee die amptelike name van die ikone op die strooibiljet uitgebeeld. (7 x 1) (7)


4.1.2 Identifiseer die SES lande wat tydens die geadverteerde Penika Reisagentskap wêreldtoer besoek gaan word. (6 x 1) (6)

4.1.3 Benoem die TWEE dorpe/stede wat in dieselfde land geleë is wat tydens die toer besoek gaan word. (2 x 1) (2)

4.1.4 Bespreek, in 'n paragraaf, waarom sekere aantreklikhede in die wêreld as wêreldikone beskou word. (3 x 1) (3)

SEPT 2019 EC  
VRAAG 4

4.1 Bestudeer die wêreldikonekaart en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.1.1 Gee die amptelike name van die ikone gemerk **A**, **B**, **E**, **F**, **G** en **H**. (6 x 1) (6)
- 4.1.2 Noem die lande waar die ikone gemerk **C** en **G** geleë is. (2 x 1) (2)
- 4.1.3 Noem die stede, dorpe of gebiede waar die ikone gemerk **E**, **F** en **H** geleë is. (3 x 1) (3)
- 4.1.4 Gee die amptelike name van die ikone gemerk **C** en **D** waar, tydens 'n besoek, toeriste die katedrale kan besigtig. (2 x 1) (2)



**INHOUD: FAKTORE WAT TOT DIE SUKSES VAN 'N TOERISTE  
ATTRAKSIE BYDRA**

**NOV 2014 NSC  
VRAAG 4**

4.2 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE GROOT ONTNUGTERING**

Daar is vasgestel dat die Taj Mahal 'n lewensgevaarlike siekte het, wat as marmerkanker bekend staan. Kenners meen dat as die lug nie gemonitor en gesuiwer word nie, die buitekant van hierdie besienswaardigheid uiteindelik swart sal verkleur.

UNESCO het 'n skoonmaakprogram van stapel gestuur. Voorkomende maatreëls sluit in:

- Die skoonmaak van die marmer
- Navorsing oor die beste moontlike skoonmaakprodukte wat die minste invloed op die marmer sal hê
- Die gebruik van waterbestande deklare aan die buitekant

'n Groen sone is ook rondom die besienswaardigheid gevestig. Dit verbied die oprigting van nywerhede en bevorder die aanplant van bome. Olieraffinaderye is aangeraai om hul besoedelingsvlakke te verlaag en hulle word aangemoedig om van steenkool na gas oor te skakel.


Verkeer is ook 'n ernstige probleem in die omgewing met hoë vlakke koolstofmonoksied in die lug. Die ikoon lok jaarliks meer as 7 miljoen toeriste. Energiebesparende busse word tans gebruik om mense na en van die besienswaardigheid te vervoer.

[Aangepas uit [www.preservationeng.net](http://www.preservationeng.net)]

- 4.2.1 Noem TWEE faktore in die gevallestudie wat tot die agteruitgang van die Taj Mahal bygedra het. (4)
- 4.2.2 (a) Verduidelik EEN rede waarom UNESCO betrokke is by die probleem wat met die Taj Mahal verband hou. (2)
- (b) Gee TWEE redes waarom dit vir UNESCO belangrik is om navorsing oor die skoonmaakprodukte in hul skoonmaakprogram te doen. (2 x 2) (4)
- 4.2.3 Die Taj Mahal is een van die Sewe Wonders van die Wêreld. Dit is in die land se belang dat die Indiese Toerisme-owerheid die volgehoue sukses van die Taj Mahal sal verseker.
- Gee aan die Indiese Toerisme-owerheid raad oor EEN manier waarop hulle die voortgesette sukses van die besienswaardigheid kan verseker. (2)

- 4.3 Lees die uittreksel hieronder, bestudeer die rotstekening en beantwoord die vrae wat volg.

Jy is deur die munisipaliteit van Boesmansklouf in die Sederberg-streek gevra om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verwaarloosde San-rotskuns-besienswaardigheid. Dit is nie meer gewild nie en bevorder nie meer toerisme na die dorp nie.



[Aangepas uit [www.south-africa-tours-and-travel.com](http://www.south-africa-tours-and-travel.com)]

- 4.3.1 (a) Identifiseer die tipe kriminele aktiwiteit wat op die rotstekening hierbo uitgevoer is. (1)
- (b) Noem EEN oplossing om te voorkom dat hierdie tipe kriminele aktiwiteit in die toekoms plaasvind. (2)
- 4.3.2 'n Toeris het gekla dat die sekuriteitswag by die rotskunsterrein op betaling aandring as iemand foto's van die rotstekeninge wil neem.
- (a) Bespreek EEN rede waarom die sekuriteitswag se optrede oneties is. (2)
- (b) Verduidelik EEN manier waarop die bestuurder die kwessie hierbo as deel van sy bestuursplan sal aanpak om die voortgesette sukses van die besienswaardigheid te verseker. (2)

**NOV 2015 NSC  
VRAAG 4**

4.3 Lees die verslag hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NIAGARAWATERVAL**

Besoekers van oor die wêreld besoek die Niagarawaterval. Die hoofbydraers tot die ekonomie om die Niagarawaterval is Kanadese vanaf Ontario, asook toeriste vanaf die VSA. Baie min inkomste kom uit ander gebiede in Kanada en die res van die wêreld.

'n Groot persentasie dag- en oornagbesoekers kom van die Verenigde State van Amerika af en dit bly deur die hele jaar konstant (dieselfde).

[[www.research.tourism.gov.on.ca](http://www.research.tourism.gov.on.ca)]

- 4.3.1 Noem EEN unieke kenmerk van die ligging van hierdie ikoon. (2)
- 4.3.2 Verduidelik EEN manier waarop die Ontario-provinsie voordeel trek uit oorgrensbesoeke aan hierdie ikoon. (2)
- 4.3.3 Bespreek of seisoenaliteit 'n invloed op die besettingskoers (bednagte) van verblyfplek-ondernemings in Ontario, Kanada sou hê. (2)

4.4 Die volgende artikel oor die Victoria & Alfred Waterfront verskyn op die Wes-Kaapse Toerisme-webtuiste. Bestudeer die artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**TOEKENNING VIR VICTORIA & ALFRED WATERFRONT  
(V&A WATERFRONT)**



Die V&A Waterfront het op 5 November 2014 die toekenning vir 'Beste Bestemming vir Verantwoordelike Toerisme' by die Wêreldreismark in Londen ontvang. Die V&A Waterfront het sedert 2008 al R30 miljoen in hulpbronbestuur belê. 'n Volhoubaarheidskomitee is gestig, 'n omgewingsbeleid is opgestel en 'n program wat koolstofvrystellings meet, is begin. Besoekers aan die V&A Waterfront kan aan hulle groenbewustheidspraktyke deelneem.

[Aangepas uit [www.waterfront.co.za](http://www.waterfront.co.za)]

- 4.4.1 Gee EEN voorbeeld uit die artikel om die V&A Waterfront se volhoubare en verantwoordelike bestuursplanne te ondersteun. (2)
- 4.4.2 Noem TWEE maniere waarop die plasing van hierdie inligting op die Wes-Kaapse Toerisme-webblad tot die V&A Waterfront se sukses as 'n toeristebesienswaardigheid bydra. (4)

**NOV 2016 NSC**  
**VRAAG 4**

- 4.3 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WIEG VAN DIE MENSDOM**

Die Wieg van die Mensdom is 'n groot gebied wat in Gauteng en Noordwes geleë is, waar baie fossiele (oorblyfsels van ou beendere) aangetref word.

**MAROPENG-BESOEKERSENTRUM BY DIE WIEG VAN DIE MENSDOM**

Maropeng is in die Wieg van die Mensdom, 'n kort entjie vanaf die Sterkfonteingrotte, geleë. Dit is 'n besoekersentrum met permanente uitstallings van replikas (presiese weergawes) van fossiele wat by die Sterkfonteingrotte gevind is.

'n Rekordgetal van 2 500 toeriste het op 24 September 2015, Erfenisdag, Maropeng besoek om die pas ontdekte fossiel, met die naam *Homo naledi*, te besigtig.

Die Maropeng-besoekersentrum pas verantwoordelike toerismepraktyke toe.

Voorbeelde sluit in:

- Gereelde opleiding van personeel
- Verskaffing van veilige toerusting
- Werkskeppingsgeleenthede vir die plaaslike gemeenskap
- Toepassing van 'Fair Trade Tourism' (FTT)-beginsels
- Volhoubare afvalbestuur
- Rolstoeltoeganklik

[Aangepas uit [www.maropeng.co.za](http://www.maropeng.co.za)]

- 4.3.1 Die besoekersentrum by die Wieg van die Mensdom kon op Erfenisdag 2015 as 'n suksesvolle toeristebesienswaardigheid beskou word.
- Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord. (2)
- 4.3.2 Verduidelik hoe Maropeng se voorkeur-indiensnemingsbeleid die plaaslike gemeenskap beïnvloed. (2)
- 4.3.3 Bespreek EEN sterk punt en EEN swak punt van universele toegang by Maropeng. (4)




**NOV 2017 NSC  
VRAAG 4**

4.2 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE EIFFELTORING GAAN MET GLAS VEILIG BLY**

Die Eiffeltoring is een van die suksesvolste toeristebesienswaardighede in Frankryk.



Parys het die veiligheid om sy gewildste besienswaardighede verskerp ná onlangse terroriste-aanvalle in die stad.

Die Eiffeltoring het tans metaalversperrings rondom sy basis as 'n sekerheidsmaatreël om verdere terroriste-aanvalle te voorkom. Die metaalversperrings lyk nie baie mooi op foto's wat deur toeriste geneem is nie.

Die Franse owerhede beplan om die metaalversperrings aan die voorkant van die Eiffeltoring te verwyder en dit met permanente koeëlvaste glasmure te vervang. Die oorblywende metaalversperrings sal met 'n mooier omheining vervang word.

*[Aangepas uit Sunday Times, 19 Februarie 2017]*

- 4.2.1 Gee EEN rede waarom die Franse owerhede die bestaande metaalversperrings by die Eiffeltoring met koeëlvaste glasmure wil vervang. (2)
- 4.2.2 Voorspel wat kan gebeur as die bestuur die bestaande veiligheidsmaatreëls by die Toring verslap. (2)
- 4.2.3 Identifiseer EEN ander kriterium wat die voortgesette sukses van die ikoon sal verseker, behalwe om veiligheid by die Eiffeltoring te verseker. (2)



**NOV 2018 NSC  
VRAAG 4**

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en antwoord die vrae wat volg.

**DIE AUSTRALIAANSE UITDAGING**



Die Australiërs beskou hierdie terrein as 'n prysenswaardige ikoon en is trots op die natuurlike skoonheid daarvan. Vir die Australiese inboorlinge (inheemse inwoners) is dit 'n heilige terrein wat hulle finansiële en geestelike ondersteun.

Daar is egter 'n geskilpunt (konflik) tussen die Australiese inboorlinge en ander Australiërs oor die gebruik van die ikoon en die omliggende grond. Die hoofrede is dat toestemming gegee word om hierdie antieke heilige terrein te klim. Die Australiese inboorlinge het versoek dat besoekers nie die heilige terrein uitklim nie, maar hierdie versoek is geïgnoreer ter wille van winste en die begeerte om die top van hierdie manjifieke ikoon te bereik.

Die klimmery het dele van die rots laat verweer. Die gebrek aan vullisdromme en behoorlike regulasies het tot gevolg dat toeriste doen wat hulle wil tydens die klimtog. 'n Gemiddeld van 400 000 toeriste het in 2017 die nasionale park besoek, wat die teikengetal van 300 000 per jaar oorskry het. Australiese inboorlinge sê dat hulle nie voordeel uit toerisme trek nie. Die oord wat naby aan die ikoon geleë is, het slegs een Australiese inboorling uit 'n personeel van 670 mense in diens.


[Aangepas uit [www.cnn.com](http://www.cnn.com)]

- 4.2.1 Identifiseer die ikoon in hierdie artikel. (1)
- 4.2.2 Noem EEN ander ikoon wat in Australië geleë is. (1)
- 4.2.3 Dink jy dat die ikoon wat in VRAAG 4.2.1 genoem is 'n suksesvolle toeristebesienswaardigheid is? (2)
- Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)
- 4.2.4 (a) Gee TWEE redes waarom die Australiese inboorlinge oor die huidige situasie rakende hierdie ikoon ongelukkig is. (4)
- (b) Beveel EEN manier aan waarop die Australiese owerhede aandag kan skenk aan ELK van die redes wat in VRAAG 4.2.4(a) gegee is. (4)

## FEB-MARCH 2015 NSC

### VRAAG 4

- 4.2 Bestudeer die feiteblad en kolomgrafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.2.1 Die Grand Canyon lok jaarliks miljoene toeriste.

Gee TWEE redes waarom die Grand Canyon so gewild is. (2)

- 4.2.2 In die grafiek hierbo word 'n afname in die getal besoekers na die Vryheidstandbeeld in 2011 opgemerk.

Verwys na die feiteblad en gee EEN rede vir hierdie afname. (2)

4.3 Bestudeer die tekenprent en die dialoog hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**Die boodskap hierbo beeld 'n bedreiging vir die berg Everest as 'n toeristebesienswaardigheid uit.**

Dit is duidelik dat Tim en Tian teleurgesteld is oor die rommel/gemors wat hulle op die staproete gevind het. Indien die owerhede nie verantwoordelik teenoor die omgewing optree nie, sal toerisme na hierdie besienswaardigheid waarskynlik nie slaag nie.

Skryf 'n paragraaf waarin jy VYF voorstelle maak oor hoe hierdie omgewingsprobleem opgelos kan word.

(5 x 2) (10)

4.4 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**Besoekers is verseker van 'n ongelooflike seewêreld-ervaring**

Die Durban uShaka Marine-wêreld is steeds suksesvol met 'n jaarlikse styging in besoekersgetalle. Die opgegradeerde strandfront, openbare wandelarea en toegewyde personeel het tot hierdie positiewe neiging bygedra.

Nuwe besienswaardighede sluit in:

- Winkels met 'n nuwe voorkoms wat nuwe produkte verkoop
- Bykomende waterglybane
- 'n Verskeidenheid seelewe in die akwarium
- 'n Dolfynvertoning en 'n plek waar kinders in die water kan speel

Daar is verskillende kaartjepakkette vir *binne-* en *buiteseisoentye*. Die tempark het 'n nuwe webtuiste bekendgestel wat interaksie met besoekers via Facebook en Twitter moontlik maak.

Die uShaka Marine-wêreld bied aandvermaak aan. Hulle borg ook besoeke vir leerders, pensioenarisse en welsynsgroepe. Toegewyde personeel spandeer ure om waterpoele en uitstallings in stand te hou terwyl vrywilligers hulle tyd bestee om besoekers te help om die meeste genot uit hulle seewêreldervaring te put.

[Aangepas uit [www.durban.gov.za](http://www.durban.gov.za)]

Verwys na die gevallestudie hierbo en identifiseer EEN voorbeeld van hoe die tempark elk van die volgende faktore in ag kan neem:

4.4.1 Bemaking van die besienswaardigheid (2)

4.4.2 Skep 'n positiewe ervaring vir besoekers aan die besienswaardigheid. (2)

**FEB-MARCH 2016 NSC  
VRAAG 4**

4.2

**MACHU PICCHU**

Een miljoen besoekers het Machu Picchu in 2011 besoek vir die 100<sup>ste</sup> viering van sy 'ontdekking' deur die navorser Hiram Bingham. Owerhede was besorg oor die bewaring van die terrein en het daarom besoekersgetalle tot 2 500 per dag of 912 500 per jaar beperk.

[Aangepas uit [www.travelandleisure.com](http://www.travelandleisure.com)]

4.2.1 Gee TWEE redes waarom kulturele toeriste Machu Picchu sal besoek. (4)

4.2.2 Gee EEN rede waarom die owerheid van Machu Picchu besoekersgetalle beperk. (2)

4.3 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE DAPPERSTE VAN DIE DAPPERES**



[Bron: [www.printablecolouringpages.co.uk](http://www.printablecolouringpages.co.uk)]

4.3.1 Gee die naam van die Europese land wat die bekendste vir stiergevegte is, soos geïllustreer in die prent hierbo. (1)

4.3.2 Baie toeriste geniet dit om na stiergevegte te kyk, terwyl ander teen dié aktiwiteit gekant is.

Skryf 'n paragraaf en gee TWEE argumente ten gunste van OF TWEE argumente teen hierdie aktiwiteit vir die vermaak van toeriste. (4)



**MAY-JUNE 2018 NSC**  
**VRAAG 4**

4.2 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**IS OPTELGOED HOUGOED?**

Vyfduisend artefakte\* wat baie jare gelede by Machu Picchu opgegrawe is, word by die Universiteit van Yale se museum in die VSA bewaar. Die rede hiervoor is dat toe dit oorspronklik ontdek is, die Universiteit van Yale in die 1900's die regte tot eienaarskap by die regering van Peru gekoop het.

Akademici van Peru was destyds so gefassineer deur hulle antieke kultuur en erfenis dat hulle daarteen gekant was dat die artefakte uit die land geneem word. Sommige mense van Peru was van mening dat dit 'n belediging vir hulle was om Noord-Amerika toe te moet gaan om dit, wat eens in Peru en deel van die geskiedenis van hulle voorvaders was, te gaan bestudeer.

Onderhandelinge is 'n paar jaar gelede tussen die Universiteit van Yale en die regering van Peru begin om sommige van die artefakte na die nuut gerestoureerde (herstelde) museum by Machu Picchu terug te bring. Yale is egter huiwerig om sekere van die artefakte terug te gee aangesien hulle beweer dat hulle die wettige eienaars van die artefakte is. Peru het met 'n hofgeding (hofspraak) teen Yale gedreig indien 'n ooreenkoms nie bereik word nie. Tot dusver is daar nog geen ooreenkoms bereik nie en die stryd om die artefakte na hul wettige eienaars terug te bring, duur voort.




*\*Kultuurvoorwerpe van belang*

[Aangepas uit [www.kimmacquarrie.com/peru-yale](http://www.kimmacquarrie.com/peru-yale)]

- 4.2.1 Noem die antieke kultuurgroep wat met Machu Picchu verbind word. (1)
- 4.2.2 Noem die kontinent waar Machu Picchu geleë is. (1)
- 4.2.3 Verduidelik waarom hierdie ikoon gebou is. (2)
- 4.2.4 Hierdie ikoon is hoog in die berge van Peru ontdek.  
Bespreek EEN rede waarom hierdie kultuurgroep sou verkies het om so hoog in die berge te woon. (2)
- 4.2.5 Identifiseer TWEE maniere in die artikel waarop die regering van Peru probeer om die belangrikheid van hierdie ikoon te laat herleef. (4)
- 4.2.6 In 'n paragraaf, verduidelik die meningsverskil oor die artefakte van Machu Picchu.  
Jou paragraaf moet op die volgende fokus:
- 'n Bespreking oor die meningsverskil tussen Yale en Peru ten opsigte van die ikoon. (2 x 2)
  - EEN argument ten gunste van Peru se standpunt. (2)
- LET WEL:** EEN punt sal toegeken word vir die formaat van die paragraaf wat volledige, goed saamgestelde sinne sonder 'bullets' of nommers bevat. (1) (7)

**MAY-JUNE 2019 NSC  
VRAAG 4**

4.3 Lees die inligting oor die ikoon Petra en antwoord die vrae wat volg.

<b>HET JY GEWEET???</b>	
<ul style="list-style-type: none"><li>• Daar word na Petra as Die Verlore Stad verwys.</li><li>• Dit is een van die Sewe Wonders van die Wêreld.</li><li>• <i>Indiana Jones and the Holy Grail</i> is in Petra verfilm.</li><li>• <i>The Transformers: Revenge of the Fallen</i> is in Petra verfilm.</li><li>• Ten minste 11 ander films is by Petra verfilm.</li></ul>	
<b>INDIANA JONES AND THE HOLY GRAIL</b>	<b>EEN VAN DIE SEWE WONDERS VAN DIE WÊRELD</b>
	
	
<b>TRANSFORMERS: REVENGE OF THE FALLEN</b>	

<b>RIGLYNE VIR VERANTWOORDELIKE TOERISME BY PETRA</b>			
			
Moet asseblief nie enige oudhede (rots of muntstukke) koop nie	Beskerm en respekteer die erfenisterrein	Moet asseblief nie op die monumente loop nie	Gooi alle rommel weg

TOEGANGSGELD VIR BESOEKERS WAT VIR TEN MINSTE EEN NAG OORBLY	
TOEGANGSKAARTJIE	PRYS
Een dag	50(JD)
Twee dae	55(JD)
Drie dae	60(JD)
JD – Jordaniëse dinar	

BESOEKERSGETALLE AAN PETRA	
JAAR	GETAL BESOEKERS
2013	574 729
2014	551 491
2015	410 371
2016	464 154

[ Aangepas uit [www.nationalgeographic.com](http://www.nationalgeographic.com)]

- 4.3.1 Noem die land waar die ikoon Petra aangetref word. (1)
- 4.3.2 Gee EEN rede waarom daar na Petra as Die Verlore Stad verwys word. (2)
- 4.3.3 Jy skryf 'n blog (elektroniese artikel wat op die internet gedoen word) vir 'n reismaatskappy.

Bespreek Petra se sukses as 'n toeristebesienswaardigheid. Sluit die volgende by jou blog in:

- EEN neiging met betrekking tot besoekersgetalle aan Petra (2)
- EEN kenmerk van Petra (2)
- EEN positiewe invloed wat Petra as 'n gewilde plek vir films het (2)
- EEN bedreiging vir Petra (1)
- TWEE maniere waarop die bedreiging wat hierbo geïdentifiseer is, deur die owerhede van die land hanteer moet word. (2 x 2) (4)

**SEPT 2014 EC**  
**VRAAG 4**

4.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.



Gold Reef City, Johannesburg

TripAdvisor.com is 'n reiswebwerf wat kliënte help met die insameling van reis-inligting, plaas van resensies en menings oor reisverwante inhoud en betrokke is by interaktiewe reisforums.

**'n Kliëntresensie oor Gold Reef City Pretpark:**

**“Pret, maar 'n teleurstellende attraksie!”**

Hersien 28 Augustus, 2012

Ek het uitgesien na 'n besoek aan Gold Reef City, aangesien ek van temaparke hou. Ek kan nie stry dat die ritte pret was nie, maar die algehele ervaring was ietwat teleurstellend.

Die plek word nie baie goed instand gehou nie, baie van die ritte is gesluit vir herstelwerk. Die werkende ritte is nie in 'n uitstekende toestand nie, die kleur is verbleik, sommige is veronderstel om deur voorstellings van riviere of klein mere omring te word, maar tans is daar net kolle walglike staande water.

Die kassiere, wat ons geld neem, moet soms glimlag en vriendelik met die besoekers wees!! Al die kosafsetpunte lewer skokkende diens (1 uur om koffie te bestel, te drink en te betaal) en die kwaliteit van die kos is nie na wense nie. Oor die algemeen benodig Gold Reef City 'n GOEIE skoonmaak, rommel is oral. 'n Finale opmerking, pas jou waardevolle items op ...

Hierdie attraksie het baie potensiaal, indien dit behoorlik instand gehou word.

(Vrylik vertaal in Afrikaans)  
[Bron: <http://www.tripadvisor.com>]


Uitstekende bemarking van toerisme-produkte plaaslik en/of internasionaal asook inagneming van die behoeftes van mense met gestremdhede, is maar twee faktore wat bydra tot die sukses van 'n toeriste-aantreklikheid.

Die negatiewe kliënte-resensie in die uittreksel kan lei tot die afname in besoekers by Gold Reef City.

Verskaf nog DRIE ander faktore uit die uittreksel, wat deur die bestuur van Gold Reef City aangespreek moet word, ten einde die toekomstige sukses van Gold Reef City as 'n toeriste-attraksie te verseker. (3 x 2) (6)

**SEPT 2015 EC  
VRAAG 4**

- 4.1 Bestudeer die kaart van wêreldbekende ikone in Noord- en Suid-Amerika en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.1.5 Verwys na die ikoon gemerk **D**, lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

**DIE VRYHEIDSTANDBEELD IS NOU AMPTELIK UNIVERSEEL TOEGANKLIK**

Goeie nuus vir die toeganklike toerisme-sektor! Saam met die monument se 126ste verjaarsdag, sal die ikoniese kroon van die Standbeeld van Vryheid op 28 Oktober 2012 heropen word, nadat dit vir 'n jaar vir die opknapping daarvan, om die monument meer toeganklik te maak, gesluit was.

Die opknappings sluit 39 nuwe trappe in. Waar daar eens 354 trappe van die basis tot die kroon was, is daar nou 393 trappe, maar dit is nou baie veiliger en minder steil. Die bou van 'n hysbak sal die toeriste-aantreklikheid meer toeganklik maak. Vir die eerste keer, sal toeriste in rolstoele in staat wees om toegang tot die laer waarnemingsdek in die voetstuk te verkry.

Die Vryheidstandbeeld bly een van die mees bekende landmerke in die wêreld met tussen 3 en 4 miljoen toeriste-besoeke jaarliks.

[Bron aangepas uit: <http://subhashvashishth.blogspot.com>]



- (a) Noem die stad waar die ikoon gemerk **D** geleë is. (1)
- (b) Stel TWEE ander tipes besoekers met toeganklike behoeftes voor, wat voordeel uit hierdie fisiese opknappings wat deur die bestuur van Vryheidstandbeeld bekendgestel is, sal trek. (2 x 1) (2)
- (c) Bespreek universele toeganklikheid as 'n belangrike faktor om die sukses van 'n toeriste-aantreklikheid te verseker. (2 x 1) (2)
- (d) Bo en behalwe die verbeterde fasiliteite, moet die bestuur van die Vryheidstandbeeld aandag skenk aan diensvoorsiening.

Stel enige TWEE maatreëls voor wat die Vryheidstandbeeld se besoekers-inligtingsentrum kan instel, ten einde 'n meer positiewe besoekerservaring te skep. (2 x 2) (4)

**SEPT 2016 EC  
VRAAG 4**

4.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Petra in Jordanië is 'n UNESCO Wêrelderfenisterrein wat honderde duisende besoekers jaarliks lok. Ten spyte van die inkomste wat van hierdie besoekers gegenerereer word, is die bestuur bekommerd oor drie kwessies wat 'n impak kan hê op die toekomstige sukses van Petra. Die kwessies wat geïdentifiseer is sluit in; die skade wat aangerig word aan Petra as argeologiese erfenis en sy monumente deur mense en werkende diere, die toestand en welsyn van werkende diere wat gebruik word om toeriste na en van die terrein te vervoer en die welsyn van kinders waarvan daar verwag word om aandenkings en donkieritte te verkoop ten koste van hulle skoolloopbane.

In Oktober 2014 is die "Sorg vir Petra" ("Care for Petra")-veldtog, wat gemik is op toeriste en die toerismebedryf, geloods om hierdie kwessies aan te spreek. Die veldtog maak gebruik van 'n opvoedkundige animasiefilm wat aan toegangers gewys word asook stroobiljette, plakkate en baniere.




**\*SORG VIR PETRA/KINDERS, DIERE, ERFENIS/DINK VOORDAT JY/DOEN/KOOP OF RY**

- 4.2.1 Haal uit die uittreksel aan om te bewys dat die bestuur van Petra die sosiale welsyn van die plaaslike gemeenskap geïdentifiseer het as 'n kwessie wat aangespreek moet word. (2)
- 4.2.2 Adviseer die toerisme-operateurs by Petra oor EEN manier hoe hulle op 'n verantwoordelike manier kan optree om die welsyn van diere wat toeriste vervoer te bevorder. (2)
- 4.2.3 Jy is 'n besoeker aan Petra.

Verduidelik DRIE maniere hoe die "Sorg vir Petra"-veldtog jou gedrag en optrede sal beïnvloed om die korrekte besluite te maak om Petra vir die nageslag te beskerm. (3 x 2) (6)

- 4.3 Bestudeer die inligting vanuit die *Ratanga Junction*-webtuiste en beantwoord die vrae.

	<p><i>Ratanga Junction</i>, 'n gewilde temapark en toeriste aantreklikheid in Suid-Afrika, is 13 km vanaf Kaapstad geleë. Ritte wissel vanaf Kinder- en Familieritte tot adrenalieneritte vir meer avontuurlustiges. Daar is ander aantreklikhede vir kinders en families. Ritte kan tydelik gesluit word gedurende elektriese storms, reën of sterk winde maar word heropen sodra veiligheid verseker kan word. Geen terugbetalings word gegee in die geval van slegte weersomstandighede nie.</p>	
<p><b>MEER AS 30</b> aantreklikhede insluitend 23 ritte</p> 		
<p><i>Ratanga Junction</i> bied ongelooflike afslag en voordele vir groepe van 20 of meer aan wat vooraf bespreek en vir hulle besoek betaal.</p>		<p>Ratanga Lidmaatskapklub voordele sluit in:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Gratis rit-kaartjie op jou verjaarsdag</li> <li>• Afslagpryse</li> <li>• Voordele vir gereelde besoekers</li> <li>• Wen kontant en pryse in ons Klub-kompetisies en BAIE BAIE MEER!</li> </ul>
<p><b>*SLUIT AAN BY ONS RATANGA LIDMAATSKAPKLUB VANDAG/DIT IS GRATIS</b></p>		


[Verwerk uit: [www.ratanga.co.za](http://www.ratanga.co.za)]

- 4.3.1 Identifiseer EEN bedreiging wat 'n impak op die groei van besoekergetalle by Ratanga Junction kan hê.. (1)
- 4.3.2 Beskryf EEN strategie waarvan die bestuur van Ratanga Junction gebruik maak om herbesoeke aan te moedig. (2)
- 4.3.3 Stel EEN verbetering voor wat die bestuur kan implementeer om die hoeveelheid geld wat besoekers aan Ratanga Junction spandeer te vermeerder. (2)

**SEPT 2017 EC  
VRAAG 4**

4.2 Bestudeer die inligting oor uShaka Marine World en beantwoord die daaropvolgende vrae.










Twee jaar gelede was uShaka Marine World in die moeilikheid met hulle vorige HUB wat vir bedrog gearresteer is. Nou blyk dit dat hulle vooruitgaan met 'n inkomste van R210m in 2015 terwyl hulle winsgewend bly.

	<p><b>MANDELADAG-2016</b> Ter nagedagtenis van Madiba se lewe en nalatenskap het uShaka Marine World 'n volle dag opsy gesit vir 21 straatkinders tussen die ouderdomme van 12 en 21.</p>
<p><b>USHAKA RY OP GOLWE VAN SUKSES</b> uShaka Marine World het die toekenning "Top Choice 2015" van 'n Asiatiese toerisme inligtingswebtuiste ontvang. Lianorg Toeriste inligtingsnetwerk/"Tourist Information Network" bied reis-inligting aan reisigers. Intekenaars sluit toeriste van Sjina, Japan, Korea, Mongolië en ander Asiatiese lande in.</p>	<p><b>KINDERREEKS</b> Kinders, maak reg om die water te laat spat in uShaka se oseaan-geïnspireerde klerereeks. Van T-hemde vir kinders, pette, swemklere en kortbroeke tot rugsakke, dit is alles pret en modern!</p> 
<p><b>2014 – 2015 hoogtepunte</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 681 072 besoekers</li> <li>• 537 leerders wat deur beroepskursusse aan marine biologie voorgestel is</li> <li>• 120 bome tydens Boomplant-week by skole geplant</li> <li>• 700 ure gespandeer op rehabilitasie van diere</li> <li>• 1 072 ure aan gesondheid en veiligheidsopleiding gewy</li> </ul>	<p><b>HUB Stella Khumalo</b> "Ons is gedurig besig met opgradering van ou infrastruktuur en stel van tyd tot tyd nuwe opwindende aantreklikhede bekend."</p>

- 4.2.1 (a) Identifiseer EEN voorbeeld van onetiese gedrag wat by uShaka Marine World plaasgevind het. (1)
- (b) Stel EEN aksie voor wat uShaka Marine World kon neem om die onetiese gedrag genoem in VRAAG 4.2.1(a) te hanteer om sodoende die impak daarvan op die aantreklikheid te verminder. (2)
- 4.2.2 Gee EEN voorbeeld uit die uittreksel om uShaka Marine World se:
- (a) omgewingsbestuurstrategie, en (2)
- (b) bemarkingstrategie te ondersteun. (2)
- 4.2.3 Verduidelik hoe die “Top Choice 2015”-toekenning die bestuur van uShaka Marine World sal help om hulle verwagte inkomsteteiken te oorskry. (2)
- 4.2.4 Stel DRIE maniere voor hoe HUB, Stella Khumalo, se stelling langtermynvoordele vir uShaka Marine World kan inhou. (3 x 2) (6)

SEPT 2018 EC  
VRAAG 4

4.2 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

Table Mountain Aerial Cableway Company (Maatskappy) Hoogtepunte 2016/2017			
 <p>Die <i>Cheapflights</i> Reistoekennings het op 24 November 2016 Tafelberg as die beste Suid-Afrikaanse aantreklikheid benoem.</p>	 <p>Die Table Mountain Aerial Cableway Company (TMACC) het sy 87ste bestaansjaar gevier.</p>	 <p>Ons winkels, spesifiek die <i>Exit Shop</i>, is opgeknip met die doel om meer spasie beskikbaar te stel asook om beter vloei van besoekers te vergemaklik.</p>	 <p>Ons Kabelspoor oudiotoer, gevul met feite oor die Maatskappy en Tafelberg, is in twee toere verdeel, een vir die Boonste Stasie en een vir die Onderste Stasie.</p>
 <p>Ons gaan voort om meer as 95% van ons kleinhandelprodukte vanaf plaaslike verskaffers te bekom.</p>	 <p>TMACC het meer kaartjie-aankoop opsies beskikbaar gestel deur met <i>iVenture Card</i> and <i>City Pass</i> in vennootskap te gaan.</p>		
 <p>Leerders het aan ons <i>Class in the Clouds</i> program deelgeneem.</p>	 <p>Ons het Tafelberg se vyfde herdenking as een van die nuwe 7 Wonders van die Wêreld op 11 November 2016 gevier.</p>	 <p>9% vermindering van watergebruik per besoeker.</p>	






Verduidelik hoe die Table Mountain Aerial Cableway Company (Maatskappy) hul voortgesette sukses tussen 2016 en 2017 verseker het met verwysing na:

- 4.2.1 Volhoubare en verantwoordelike bestuursplanne (2 x 2) (4)
- 4.2.2 Positiewe ervaring van besoekers (2 x 2) (4)



SEPT 2019 EC  
VRAAG 4

4.2 Bestudeer die inligtingsbrosjure en beantwoord die vrae wat volg.

 <p><b>SHAMBALA PRIVAAT WILDRESERVAAT</b></p>	 <p><b>Om daar uit te kom:</b> Afstand: 235 km Per motor: 2½ uur Per helikopter: 55 min</p>
 <p><b>WORLD TRAVEL AWARDS</b> Wêreld se voorste Privaat Wildreservaat 2013 tot 2018</p>	<p><b>SAFARI'S EN ERVARINGS</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Groot Vyf interaksie</li> <li>▪ Wildritte</li> <li>▪ Piekniek in die bosse</li> <li>▪ Uitstappies in die bosse</li> <li>▪ Wildnavorsing</li> <li>▪ Sonsondergang bootvaarte</li> <li>▪ Sterrekyk</li> <li>▪ Visvang</li> <li>▪ Vierwiel motorfiets ry</li> </ul>
	<p><b>ZOELOEKAMP</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Luukse huisies (chalets)</li> <li>▪ Ons kokke skep disse uit die boonste rakke, volgens jou smaak en voorkeure.</li> <li>▪ Jou persoonlike huiskneg is ten alle tye beskikbaar om jou by te staan.</li> </ul>
	<p><b>SHAMBALA SPA</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die Spa is oop van 08:00 tot 20:00.</li> <li>▪ Die Spa het twee behandelingsvertreke en 'n dek met 'n uitsig op die omliggende bos.</li> </ul>

[Verwerk uit [www.shambalaprivategamereserve.co.za](http://www.shambalaprivategamereserve.co.za)]

\*World Travel Awards – Wêreldreistoekennings

- 4.2.1 Gee EEN voorbeeld uit die brosjure om Shambala Privaat Wildreservaat se volhoubare en verantwoordelike bestuursplanne te beklemtoon. (2)
- 4.2.2 Skryf 'n paragraaf waarin jy toon hoe die verskaffing van 'n positiewe besoekerservaring tot Shambala se ontvangs van verskeie Wêreldreis toekennings bygedra het. (4 x 2) (8)